



# Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

## Provincial Gazette

## Provinsiale Koerant

7667

7667

Friday, 2 September 2016

Vrydag, 2 September 2016

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

### CONTENTS

### INHOUD

(\*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(\*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
<b>Proclamation</b>	
18 Overberg District Municipality: Closure of Minor Road .....	1266
<b>Provincial Notices</b>	
339 City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restrictions .....	1266
340 Overstrand Municipality: Rectification .....	1267
341 City of Cape Town (Table Bay District): Removal of Restrictions .....	1266
342 Overstrand Municipality: Removal of Restrictions .....	1267
346 City of Cape Town Municipality: Removal of Restrictions .....	1267
<b>Tenders:</b>	
Notices .....	1268
<b>Local Authorities</b>	
Bergrivier Municipality: Rezoning, Subdivision, Closure and Amendment .....	1268
Cederberg Municipality: Notice on Property Rates .....	1272
City of Cape Town (Tygerberg District): Municipal Planning By-Law, 2015 .....	1271
Drakenstein Municipality: Amendment of Conditions, Layout and Registration .....	1270
George Municipality: Amendment .....	1273
George Municipality: Removal of Restrictions .....	1270
Knysna Municipality: Business Notices .....	1271
Knysna Municipality: Rezoning .....	1278
Langeberg Municipality: Departure .....	1273
Langeberg Municipality: Rezoning and Subdivision .....	1279

Nr.	Bladsy
<b>Proklamasie</b>	
18 Overberg Distriksmunisipaliteit: Sluiting van Ondergesikhte Pad .....	1266
<b>Provinsiale Kennisgewings</b>	
339 Stad Kaapstad (Tafelbaai Distrik): Opheffing van Beperkings .....	1266
340 Overstrand Munisipaliteit: Regstelling .....	1267
341 Stad Kaapstad (Tafelbaai Distrik): Opheffing van Beperkings .....	1266
342 Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	1267
346 Stad Kaapstad Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	1267
<b>Tenders:</b>	
Kennisgewings .....	1268
<b>Plaaslike Owerhede</b>	
Bergrivier Munisipaliteit: Hersonering, Onderverdeling, Sluiting en Wysiging .....	1268
Cederberg Munisipaliteit: Notice on Property Rates (English Only) .....	1272
Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Veroderning op Munisipale Beplanning, 2015 .....	1271
Drakenstein Munisipaliteit: Wysiging van Goedkeuringvoorwaardes, Uitlegplan en Registrasie .....	1270
George Munisipaliteit: Wysiging .....	1273
George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings .....	1270
Knysna Munisipaliteit: Business Notices (English Only) .....	1271
Knysna Munisipaliteit: Hersonering .....	1278
Langeberg Munisipaliteit: Afwyking .....	1273
Langeberg Munisipaliteit: Hersonering en Onderverdeling .....	1279

(Continued on page 1284)

(Vervolg op bladsy 1284)

**PROCLAMATION  
PROVINCE OF WESTERN CAPE**

**ROADS ORDINANCE, 1976  
(ORDINANCE NO. 19 OF 1976)**

**NO. 18/2016**

**OVERBERG DISTRICT MUNICIPALITY:  
CLOSURE OF MINOR ROAD 4222  
(KLIPPE DRIFT): BREDASDORP**

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance No. 19 of 1976), I hereby declare that the existing public road (Minor Road 4222) as described in the Schedule to this notice and situated in the Overberg District Municipality area, the location and route of which are indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.63/15, which is filed in the offices of the Chief Director: Road Network Management, 9 Dorp Street, Cape Town, 8001 and the Municipal Manager, Overberg District Municipality, 26 Long Street, Bredasdorp, 7280 shall be closed.

Dated at Cape Town this 23rd day of August 2016.



**MR D GRANT  
WESTERN CAPE PROVINCIAL  
MINISTER OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS**

**SCHEDULE**

Minor Road 4222, from Divisional Road 1265 on the property 15/7 to its terminal point on the said property 15/7: a distance of about 500m.

**PROKLAMASIE  
PROVINSIE WES-KAAP**

**ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976  
(ORDONNANSIE NR. 19 VAN 1976)**

**NO. 18/2016**

**OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT:  
SLUITING VAN ONDERGESKIKTE PAD 4222  
(KLIPPE DRIFT): BREDASDORP**

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie nr. 19 van 1976), verklaar ek hierby dat die bestaande openbare pad (Ondergeskikte Pad 4222) soos in die Bylae beskrywe en binne die gebied van die Overberg Distriksmunisipaliteit geleë, waarvan die ligging en roete is soos aangedui deur middel van ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.63/15, wat geliasseer is in die kantore van die Hoofdirekteur: Padnetwerkbestuur, Dorpstraat 9, Kaapstad, 8001 en die Munisipale Bestuurder, Overberg Distriksmunisipaliteit, Langstraat 26, Bredasdorp, 7280, gesluit is.

Gedateer te Kaapstad op hede die 23ste dag van Augustus 2016.



**MNR D GRANT  
WES-KAAPSE PROVINSIALE  
MINISTER VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE**

**BYLAE**

Ondergeskikte Pad 4222, vanaf Afdelingspad 1265 op die eiendom 15/7 na die eindpunt op die genoemde eiendom 15/7: afstand van ongeveer 500m.

**PROVINCIAL NOTICE**

The following Provincial Notices are published for general information.

**ADV. B. GERBER,  
DIRECTOR-GENERAL**

Provincial Legislature Building,  
Wale Street,  
Cape Town.

**PROVINSIALE KENNISGEWING**

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

**ADV. B. GERBER,  
DIREKTEUR-GENERAAL**

Provinsiale Wetgewer-gebou,  
Waalstraat,  
Kaapstad.

**ISAZISO SEPHONDO**

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

**ADV. B. GERBER,  
UMLAWULI-JIKELELE**

ISakhiwo sePhondo,  
Wale Street,  
eKapa.

P.N. 339/2016

2 September 2016

**CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as Competent Authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 512, Bantry Bay, removes conditions E.2., E.3, G."1. and G."2. as contained in Deed of Transfer No. T. 16902 of 2011.

P.N. 341/2016

2 September 2016

**CITY OF CAPE TOWN (TABLE BAY DISTRICT)**

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)**

Notice is hereby given that the Minister of Local Government Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 5577, Gordons Bay, removes conditions I B. 4. (a) and (b) and amend condition I B. 4. (d), as contained in Deed of Transfer No. T. 45327 of 2004 to read as follow:

**Condition I B. 4. (d):** a maximum coverage of 50% will apply";

P.K. 339/2016

2 September 2016

**STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI DISTRIK)**

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as Bevoegde Gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 512, Bantrybaai, hef voorwaardes E.2., E.3., G."1. en G."2. soos vervat in Transportakte Nr. T. 16902 van 2011, op.

P.K. 341/2016

2 September 2016

**STAD KAAPSTAD (TAFELBAAI DISTRIK)**

**OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)**

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 5577, Gordonsbaai, hef voorwaardes I B. 4. (a) en (b), en wysig voorwaarde I B. 4. (d), soos vervat in Transportakte Nr. T. 45327 van 2004, om as volg te lees:

**Condition I B. 4. (d):** a maximum coverage of 50% will apply";

P.N. 340/2016

2 September 2016

**OVERSTRAND MUNICIPALITY****RECTIFICATION**

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as the Competent Authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 2228, Hermanus, removes condition 3. and amends conditions 4 and 5 of a servitude (Notarial Deed of Servitude 3/1949) registered in Deed of Transfer No. T. 10151 of 2000 to read as follows:

**“MARGARET’S TRUST (PROPRIETARY) LIMITED does hereby agree that the buildings erected on Erf 2228 shall be limited to a dwelling house and a second dwelling unit, and their appurtenances, only. These buildings shall have a thatch roof, be single-storeyed and shall not exceed 6.4m in height, measured above base level. Further, Erf 2228 shall not be subdivided without the written consent of the owner of Erf 2226 Hermanus”.**

**P.N. 337/2016 dated 26 August 2016 is hereby cancelled.**

P.N. 342/2016

2 September 2016

**OVERSTRAND MUNICIPALITY**

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 1017, Sandbaai, removes conditions C.3. and C.4., as contained in Deed of Transfer No. T. 14391 of 1989.

P.N. 346/2016

2 September 2016

**CITY OF CAPE TOWN**

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967  
(ACT 84 OF 1967)

Notice is hereby given that the Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as Competent Authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owners of Erf 63625, Cape Town, amends title condition B.”A.(4) contained in Deed of Transfer No. T 48503 of 2015, to read as follows:

**“That all buildings to be erected on the said Lot shall stand back not less than 10 feet from the line of any street or avenue on which the said lot may abut. Such space may be utilised as gardens but may not be built upon, except for a guard house and refuse room which may be constructed at 1.0m from the street line and further that Erf 63625, Kenilworth may not be subdivided into more than 4 portions, three of which may be used for single residential purposes and the fourth portion, for use as a private road with ancillary facilities.”**

P.K. 340/2016

2 September 2016

**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT****REGSTELLING**

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as Bevoegde Gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 2228, Hermanus, hef voorwaardes 3. vervat in Transportakte Nr. T. 10151 van 2000, en wysig voorwaardes 4 en 5 om soos volg te lees:

**“MARGARET’S TRUST (PROPRIETARY) LIMITED does hereby agree that the buildings erected on Erf 2228 shall be limited to a dwelling house and a second dwelling unit, and their appurtenances, only. These buildings shall have a thatch roof, be single-storeyed and shall not exceed 6.4m in height, measured above base level. Further, Erf 2228 shall not be subdivided without the written consent of the owner of Erf 2226 Hermanus”.**

**P.K. 337/2016 gedattee 26 August 2016 is hiermee gekanselleer.**

P.K. 342/2016

2 September 2016

**OVERSTRAND MUNISIPALITEIT**

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 1017, Sandbaai, hef, voorwaardes C.3. en C.4., vervat in Transportakte Nr. T. 14391 van 1989, op.

P.K. 346/2016

2 September 2016

**STAD KAAPSTAD**

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967  
(WET 84 VAN 1967)

Kennis geskied hiermee dat die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as die Bevoegde Gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaars van Erf 63625, Kaapstad wysig titelvoorwaarde B.”A.(4). vervat in Transportakte Nr. T 48503 van 2015, om soos volg te lees:

**“That all buildings to be erected on the said Lot shall stand back not less than 10 feet from the line of any street or avenue on which the said lot may abut. Such space may be utilised as gardens but may not be built upon, except for a guard house and refuse room which may be constructed at 1.0m from the street line and further that Erf 63625, Kenilworth may not be subdivided into more than 4 portions, three of which may be used for single residential purposes and the fourth portion, for use as a private road with ancillary facilities.”**

**TENDERS**

**N.B.** Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

**NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES****BERGRIVIER MUNICIPALITY**

**APPLICATION FOR REZONING, SUBDIVISION,  
CLOSURE OF PUBLIC PLACE AND AMENDMENT OF THE  
GENERAL PLAN OF ERF 324, 369 AND 386, EENDEKUIL**

*Applicant:* Bergrivier Municipality

*Contact details:* Tel: 022 913 6000, Fax: 022 913 1406 and e-mail: bergmun@telkomsa.net

*Owner:* Bergrivier Municipality

*Reference number:* E.324, 369 and 386

*Property Description:* Erf 324, 369 and 386 Eendekuil

*Physical Address:* Dahlia Street

*Detailed description of proposal:* Application in terms of Section 15 of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning for Rezoning, Subdivision, Closure of Public Place and amendment of the General-Plan of Erf 324, 369 and 386, Eendekuil. The application also deviate from the Spatial Development Framework.

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07:30 and 16:30 from Monday to Thursday and between 7:30 and 15:30 on Fridays at this Municipality's Department Planning and Development at 13 Church Street, Piketberg, 7320. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, Bergrivier Municipality, 13 Church Street or P.O. Box 60, Piketberg, 7320; Fax: 022 913 1406 or e-mail: bergmun@telkomsa.net on or before **23 September 2016**, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to Mr W. Wagener, Manager Planning and Development, at tel: (022) 913 6046. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write may visit the municipal offices during office hours where a staff member of the municipality, will assist such person to transcribe that person's comments or representations.

MN171/2016

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, 13 Church Street, PIKETBERG, 7320

2 September 2016

54072

**STELLENBOSCH MUNICIPALITY**

**CLOSING OF ROAD ADJOINING ERVEN 239 AND  
351, RAITHY AND FARM 1349, STELLENBOSCH**

Notice is hereby given in terms of Section 43(1)(f) of the Land Use Planning Act, Act 3 of 2014 that the road adjoining Erven 239 and 351, Raithby and Farm 1349, Stellenbosch, has been closed (Reference: Stel.1149 v1 p77).

MUNICIPAL MANAGER

(Notice No. P18/16)

2 September 2016

54074

**TENDERS**

**L.W.** Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

**KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE****BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**

**AANSOEK OM HERSONERING, ONDERVERDELING,  
SLUITING VAN PUBLIEKE PLEK EN WYSIGING VAN DIE  
ALGEMENE PLAN VAN ERF 324, 369 EN 386, EENDEKUIL**

*Applikant:* Bergrivier Munisipaliteit

*Kontak besonderhede:* Tel: 022 913 6000, Faks: 022 913 1406 en e-pos: bergmun@telkomsa.net

*Eienaar:* Bergrivier Munisipaliteit

*Verwysingsnommer:* E.324, 369 en 386

*Eiendom beskrywing:* Erf 324, 369 en 386 Eendekuil

*Fisiese adres:* Dahliastraat

*Volledige beskrywing van voorstel:* Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening Insake Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Hersonerings, Onderverdeling, Sluiting van Publieke Plek en wysiging van die Algemene Plan van Erf 324, 369 en 386, Eendekuil. Die aansoek wyk ook af van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

Kragtens Artikel 45 van die Bergrivier Munisipaliteit: Verordening Insake Munisipale Grondgebruikbeplanning word hiermee kennis gegee dat die bogenoemde aansoek ontvang is en oop is vir inspeksie gedurende weksdae tussen 7:30 en 16:30 vanaf Maandae tot Donderdae en tussen 7:30 en 15:30 op Vrydae by hierdie Munisipaliteit se Afdeling Beplanning en Ontwikkeling te Kerkstraat 13, Piketberg, 7320. Enige skriftelike kommentaar mag geadresseer word ingevolge Artikel 50 van genoemde wetgewing aan die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit, Kerkstraat 13 of Posbus 60, Piketberg, 7320; Faks: 022 913 1406 en e-pos: bergmun@telkomsa.net op of voor **23 September 2016**, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belange in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr. W. Wagener, Bestuurder Beplanning en Ontwikkeling by tel: (022) 913 6046. Die munisipaliteit mag kommentaar ontvang na die sluitingsdatum weier. Enige persone wat nie kan skryf nie kan gedurende kantooreure na die munisipale kantore gaan waar 'n personeellid van die munisipaliteit so 'n persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf.

MK171/2016

ADV HANLIE LINDE, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, PIKETBERG, 7320

2 September 2016

54072

**STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT**

**SLUITING VAN PAD AANGRENSEND AAN ERWE 239 EN  
351, RAITHY EN PLAAS 1349, STELLENBOSCH**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 43(1)(f) van die Wet op Grondgebruikbeplanning, Wet 3 van 2014 dat die Pad aangrensend aan Erwe 239 en 351, Raithby en Plaas 1349, Stellenbosch gesluit is (Verwysing: Stel.1149 v1 p77).

MUNISIPALE BESTUURDER

(Kennisgewing Nr. P18/16)

2 September 2016

54074

## STELLENBOSCH MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSOLIDATION, REZONING,  
CONSENT USE AND SUBDIVISION: PORTION 9 OF  
THE FARM LA TERRA DE LUCQUE NO. 1075 AND FARM  
LA TERRA DE LUC NO. 1070 PAARL**

*Applicant:* P-J Le Roux Town Planners (pj@pjleroux.co.za)

*Owner:* Loubser Trust

*Application number:* LU/4731

*Reference number:* Farm 1075/9, Paarl Division

*Property Description:* Portion 9 of the Farm La Terra de Lucque No. 1075 Paarl, Farm La Terra de Luc No. 1070 Paarl

*Physical Address:* Dirkie Uys Street Franschhoek

*Detailed description of proposal:* The matter for consideration is an application in terms of sections 15(2)(e), 15(2)(a) 15(2)(o) and 15(2)(d) of the Stellenbosch Municipal Land Use Planning By-Law (2015) for the Consolidation, Rezoning, Consent Use and Subdivision of Portion 9 of the Farm La Terra De Lucque No. 1075, Paarl and Farm La Terra De Luc. No. 1070 Paarl for the purposes of a retirement village with associated facilities thereon.

Notice is hereby given in terms of the Stellenbosch Municipal Land Use Planning By-law that the above mentioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 08:30 and 13:30 at the Planning Advice Centre at Stellenbosch Municipality, Plein Street, Stellenbosch. Any written comments/objections, with full reasons therefor, may be addressed in terms of section 50 of the said legislation simultaneously to both the applicant and the municipality in one of the following manners:

Applicant	Municipality
<b>Registered Mail or Normal Mail:</b>	
P-J Le Roux Town Planners PO Box 3457 Paarl 7620	Director: Planning and Economic Development Stellenbosch Municipality PO Box 17 Stellenbosch 7599
<b>Or faxed to:</b>	
086 605 8431	021 886 6899
<b>Or hand delivered to:</b>	
P-J le Roux Planners 262 Main Road, Paarl.	Planning Advice Centre, Municipal offices, Plein Street, Stellenbosch.

All comments, quoting the application number, reference number, your name, address or contact details, your interest in the application and reasons for comments should be received by both of the above parties on or before 30 days from the date of publication of this notice. Telephonic enquiries can be made to the applicant, P-J le Roux Town Planners at Tel: 076 031 7607. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

## STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM KONSOLIDASIE, HERSONERING,  
VERGUNNING EN ONDERVERDELING: GEDEELTE 9 VAN  
DIE PLAAS LA TERRA DE LUCQUE NR. 1075 EN PLAAS  
LA TERRA DE LUC NR. 1070 PAARL**

*Aansoeker:* P-J le Roux Stadsbeplanners (pj@pjleroux.co.za)

*Eienaar:* Loubser Trust

*Aansoeknommer:* LU/4731

*Verwysingsnommer:* Farm 1075/9, Paarl Division

*Eiendomsbeskrywing:* Gedeelte 9 van die Plaas La Terra de Lucque Nr 1075 Paarl, Plaas La Terra de Luc Nr 1070 Paarl

*Fisiese Adres:* Dirkie Uysstraat Franschhoek

*Beskrywing van aansoek:* Die aansoek vir oorweging is 'n aansoek ingevolge artikels 15(2)(e), 15(2)(a), 15(2)(o) en 15(2)(d) van die Stellenbosch Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015) vir die Konsolidasie, Hersonerig, Vergunning en Onderverdeling van Gedeelte 9 van die Plaas La Terra de Lucque Nr. 1075 en Plaas La Terra de Luc Nr. 1070 Paarl ten einde 'n aftreecoord met geassosieerde gebruike op die eiendom te ontwikkel.

Kennis geskied hiermee ingevolge die Stellenbosch Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015) dat die bogenoemde aansoek ontvang is en gedurende weksdae tussen 08:30 en 13:30 by die Beplanningsadvieskantoor by Stellenbosch Munisipaliteit. Pleinstraat. Stellenbosch ter insae lê. Enige geskrewe kommentare/besware, met volledige redes daarvoor, moet ingevolge Artikel 50 van die genoemde wetgewing aan beide die aansoeker en die munisipaliteit op een van die volgende wyses geadresseer word:

Aansoeker	Munisipaliteit
<b>Geregistreeerde of gewone pos:</b>	
P-J le Roux Stadsbeplanners Posbus 3457 Paarl 7620	Direkteur Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling Stellenbosch Munisipaliteit Posbus 17 Stellenbosch 7599
<b>Of gefaks word aan:</b>	
086 605 8431	021 886 6899
<b>Of per hand afgelewer word aan:</b>	
P-J le Roux Stadsbeplanners Hoofstraat 262, Paarl.	Beplanningsadvieskantoor, Munisipale kantore, Pleinstraat, Stellenbosch.

Alle kommentare moet op of voor 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding van die aansoeknommer, verwysingsnommer, u naam, adres en kontakbesonderhede, belangstelling in die aansoek en redes vir kommentaar, deur beide bogemelde partye ontvang word. Telefoniese navrae kan aan die aansoeker. P-J le Roux Stadsbeplanners by Tel: 076 031 7607 gerig word. Enige kommentaar/beswaar ontvang na die voormelde sluitingsdatum sal as ongeldig geag word. Enige persoon wat nie kan skryf nie sal deur 'n Munsipale-amptenaar bygestaan word om hul kommentaar op skrif te stel.

## GEORGE MUNICIPALITY

## NOTICE NO. 036/2016

**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITION:  
ERF 36, HOEKWIL**

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the George Municipality: Land Use Planning By-Law (2015), that the Deputy Director: Planning (Authorised Official) on 28 July 2016, removed condition E(b) in terms of Section 15(2)(f) of the said By-law, applicable to the abovementioned property as contained in Title Deed, T41373/1982.

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530.

2 September 2016

54077

## DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR AMENDMENT OF  
CONDITIONS, AMENDMENT OF  
LAYOUT PLAN AND REGISTRATION OF SERVITUDES:  
ERF 13886 WELLINGTON (VERDEAU DEVELOPMENT)**

Notice is hereby given in terms of Sections 45(1) and 46(1) of the Drakenstein By-Law on Municipal Land Use Planning—2015, that an application as set out below has been received and can be viewed during normal office hours at the office of the Deputy Executive Manager: Planning, Administrative Offices, c/o Market and Main Street, Paarl (Telephone: 021 807-4836):

*Property:* Erf 13886 Wellington

*Applicant:* David Hellig & Abrahamse Land Surveyors

*Owner:* Proxisource (Pty) Ltd

*Locality:* Located ±150m north of the Piet Retief/Champagne Street intersection, Wellington

*Extent:* ±12.30 ha

*Zoning:* Single Residential Zone, General Residential Zone, Private Open Space, Private Road, Local Authority Zone

*Existing Use:* Vacant, construction currently underway

*Proposal:* **Amendment of conditions** in order to allow the following:

- Amendment of the approved site development plan in order to increase the number of residential units from 390 to 427 units; and
- Amendment of a general condition in order to make provision for the increase in units.

**Amendment of the layout plan** applicable to Phases 3 and 4 of the development in order to cater for the increased number of units.

**Registration of services servitudes** in respect of Phases 3 and 4 of the development.

With the proposed amendments, a second entrance/exit off Hoog Street is also proposed.

Motivated objections to the above can be lodged in writing to the Municipal Manager, Drakenstein Municipality, PO Box 1, Paarl, 7622 by no later than **Monday, 3 October 2016**. No late objections will be considered.

Persons who are unable to read or write, can submit their objections verbally at the Municipal Offices, Berg River Boulevard, Paarl, where they will be assisted by a staff member, to put their comments in writing.

J CARSTENS  
ACTING MUNICIPAL MANAGER

2 September 2016

54083

## GEORGE MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING No. 036/2016

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDE:  
ERF 36, HOEKWIL**

Kennis word hiermee gegee, in terme van Artikel 33(7) van die George Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015), dat die Adjunk Direkteur (Gemagtigde Beampte) op 28 Julie 2016, voorwaarde E(b) in terme van Artikel 15(2)(f) van die genoemde Verordening, van toepassing op die bogenoemde eiendom soos vervat in Titelakte, T41373/1982 opgehef het.

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530.

2 September 2016

54077

## DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM WYSIGING VAN  
GOEDKEURINGSVOORWAARDES, WYSIGING VAN  
UITLEGPLAN EN REGISTRASIE VAN SERWITUTE:  
ERF 13886 WELLINGTON (VERDEAU ONTWIKKELING)**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikels 45(1) en 46(1) van die Drakenstein Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning—2015, dat 'n aansoek soos hieronder uiteengesit ontvang is en gedurende normale kantoorure ter insae is by die kantoor van die Adjunk Uitvoerende Bestuurder: Beplanning, Administratiewe Kantore, h/v Mark- en Hoofstraat, Paarl (Telefoon 021 807-4836):

*Eiendom:* Erf 13886 Wellington

*Aansoeker:* David Hellig & Abrahamse Landmeters

*Eienaar:* Proxisource (Edms) Bpk

*Ligging:* Geleë ±150m noord van die Piet Retief-/Champagnestraat interseksie, Wellington

*Grootte:* ±12.30 ha

*Sonering:* Enkelresidensiële Sone, Algemene Residensiële Sone, Privaat Oopruimte, Privaatpad en Plaaslike Owerheidsone

*Huidige Gebruik:* Vakant, konstruksie tans aan die gang

*Voorstel:* **Wysiging van goedkeuringsvoorwaardes** ten einde die volgende toe te laat:

- Wysiging van die goedgekeurde terreinontwikkelingsplan ten einde die aantal residensiële eenhede te verhoog vanaf 390 na 427 eenhede; en
- Wysiging van n algemene voorwaarde ten einde voorsiening te maak vir die voorgestelde verhoging in eenhede.

**Wysiging van die uitlegplan** van toepassing op Fases 3 en 4 van die ontwikkeling ten einde voorsiening te maak vir die verhoging in eenhede.

**Registrasie van dienste serwitute** ten opsigte van Fases 3 en 4 van die ontwikkeling.

Met die voorgestelde wysigings word 'n tweede ingang/uitgang voorgestel vanuit Hoogstraat.

Gemotiveerde besware teen bogemelde aansoek kan skriftelik gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Drakenstein Munisipaliteit, Posbus 1, Paarl, 7622, teen nie later nie as **Maandag, 3 Oktober 2016**. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

Indien 'n persoon nie kan lees of skryf nie, kan so 'n persoon sy kommentaar mondelings by die Munisipale Kantore, Bergrivier Boulevard, Paarl, aflê, waar 'n personeellid sal help om sy kommentaar/vertoë op skrif te stel.

J CARSTENS  
WNDE MUNISIPALE BESTUURDER

2 September 2016

54083

## CITY OF CAPE TOWN (TYGERBERG DISTRICT)

**MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015**

Notice is hereby given in terms of the requirements of section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has, on application by the owner of Erf 148, Goodwood, removed conditions as contained in Deed of Transfer No. T 84041/2004, in respect of Erf 148, Goodwood, in the following manner:

Removed conditions: B (c) & (d)

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

2 September 2016

54087

## STAD KAAPSTAD (TYGERBERG-DISTRIK)

**VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015**

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad, na aanleiding van 'n aansoek deur die eienaar van Erf 148 Goodwood, voorwaardes soos vervat in oordragakte no. T 84041/2004 ten opsigte van Erf 148, Goodwood, soos volg opgehef het:

Voorwaardes opgehef: B (c) en (d)

ACHMAT EBRAHIM, STADSBESTUURDER

2 September 2016

54087

**ISIXEKO SASEKAPA****UMTHETHO KAMASIPALA WOCWANGCISO LUKAMASIPALA WESIXEKO SASEKA, 2015:**

Kukhutshwa isaziso ngokulandela imiqathango yecandelo 48(5)(a) loMthetho kaMasipala woCwangciso lukaMasipala weSixeko saseKapa, wango-2015 sokuba iSixeko, ngokuphathelene nesicelo somnini wesiza-148, esiseGoodwood, sisuse imiqathango equlathwe kwiNcwadi engokuTshintshelwa koBunini beTayitile engunombolo T 84041/2004, ngokujoliswe kwisiza-148, esiseGoodwood, ngolu hlobo lulandelayo:

Imiqathango esusiweyo: B (c) & (d)

ACHMAT EBRAHIM, CITY MANAGER

2 kweyoMsintsi 2016

54087

## KNYSNA MUNICIPALITY

**BUSINESS NOTICES****ALIENATION, SALES, CHANGES OF PARTNERSHIP, NAME, ADDRESSES, etc.**

Notice is hereby given in terms of section 34 (1) of the Insolvency Act, No. 24 of 1936, to interested parties and creditors of the intention of alienation of businesses and/or goodwill, goods or property forming part of businesses, after a period of 30 days from the last publication of the relevant advertisements, and of actions, circumstances or conditions pertaining to business or parties or debtors, as mentioned therein.

- (1) Township or district:  
**KNYSNA WESTERN CAPE**
- (2) Seller:  
**SDLB MOTOR HOLDINGS (PTY) LTD**  
**REGISTRATION NUMBER: 2012/098441/07**
- (3) Business or trade, kind, name and/or style, and the address at which carried on:  
**KNYSNA VOLKSWAGEN,**  
**1 MAIN STREET, KNYNSNA**
- (4) Purpose, and intent (alienation, sale, abandonment, change or dissolution of partnership, removal or change or address, change of name, cancellation of sale, etc.); conditions, and date or period of time if other than 30 days:  
**AGREEMENT OF SALE. EFFECITVE DATE 3 OCTOBER 2016**
- (5) Purchaser, new proprietor and/or owner or partner, or contracting party:  
**MOSSEL BAY VOLKSWAGEN (PTY) LTD REGISTRATION NUMBER: 2007/008527/07**
- (6) Business and address, if other than under (3); notes, comment:
- (7) Advertiser and/or agent, address and date  
**LE ROUX VAN DER MERWE INC.**  
**P.O. BOX 1893, MOSSEL BAY, 6500**  
**29 AUGUST 2016**

2 September 2016

54073

## CEDERBERG MUNICIPALITY

**MUNICIPAL NOTICE 114/2016**

RESOLUTION ON LEVYING PROPERTY RATES IN TERMS OF SECTION 14 OF THE LOCAL GOVERNMENT MUNICIPAL PROPERTY RATES ACT, 2004 (ACT NO.6 OF 2004)

COUNCIL RESOLUTION: **RB 9.1.2/ 26-05-2016**

**CEDERBERG MUNICIPALITY**

RESOLUTION ON LEVYING PROPERTY RATES FOR THE FINANCIAL YEAR 01 JULY 2016 TO 30 JUNE 2017

Notice is hereby given in terms of section 14(1) and (2) of the Local Government Municipal Property Rates Act, 2004; that the Council resolved by way of Council Resolution number: RB 9.1.2/ 26-05-2016, to levy the rates on property reflected in the schedule below with effect from 1 July 2016

<b>Rate Categories - Rates Amendment Act 2014</b>			
<b>Residential</b>	R	0.01223	<b>0.0108390</b>
<b>Special Ratings Area (per plot)</b>	R	500.00	500.00
<b>Farm Properties :</b>			
Agricultural (Only bona fide farmers qualify for rebate of 80%)	R	0.01240	<b>0.0021680</b>
Business & Commercial (No Rebate)	R	0.01235	<b>0.0021680</b>
Residential (No Rebate)	R	0.01217	<b>0.0021680</b>
<b>Small Holdings :</b>			
Agricultural	R	0.01240	<b>0.0021680</b>
Business & Commercial	R	0.01235	<b>0.0021680</b>
Residential	R	0.01217	<b>0.0021680</b>
<b>Commercial/Business:</b>	R	0.01240	<b>0.0140130</b>

Rig alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder / Address all correspondence to the Municipal Manager

In your reply please quote: Reference: Tesourie

Enquiries: ER Alfred, Private Bag X2, Clanwilliam, 8135. Tel: (027) 482 8000, Fax: (027) 482 1933. E-mail: admin@cederbergraad.co.za.

2 September 2016

54078



## GEORGE MUNICIPALITY

## NOTICE NO: 111/2016

AMENDMENT: KRAAIBOSCH 195 PORTION 22,  
DIVISION GEORGE

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the George Municipality's By-Law on Municipal Land Use Planning that the undermentioned application has been received and is open to inspection during weekdays between 07:45 and 16:30 at the Department: Human Settlements, Land Affairs and Planning, Civic Centre, 5th Floor, York Street, George.

Any comments or objections with full reasons therefor, should be lodged in writing in terms of Section 50 of the said legislation at the office of the Senior Manager: Land Use Planning, PO Box 19, George, 6530, on or before **3 October 2016**, quoting the reference number, your property description and physical address. Telephonic enquiries in this regard may be made at 044-801 9473 (Marina Welman) or e-mail: marina@george.org.za. Any person, who is unable to write, can submit their objection verbally to the Council's office where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

*Applicant:* Jan Vrolijk Townplanner

*Nature of application:*

1. Amendment in terms of Section 15(2)(k) of the George Municipality: Land Use Planning By Law (2015) of the Subdivision plan of the Subdivisional area (Portion A) as Approved on 16/10/2012 on the Remainder of Portion 22 of the farm Kraaibosch 195, George to allow 3 portions:  
Portion 1: (56720m<sup>2</sup>): Business Zone 1;  
Portion 2: (461m<sup>2</sup>): Residential Zone 1;  
Portion 3: (4039m<sup>2</sup>): Transport Zone II (Public Road)

T BOTHA, MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre, York Street, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9171, Fax: 086 570 1900  
Email: marina@george.org.za

2 September 2016

54088

## LANGEBERG MUNICIPALITY

## Robertson Office

## MN NR. 59/2016

PROPOSED DEPARTURE OF ERF 670, CNR REITZ- AND  
LE ROUX STREETS, ROBERTSON

*Applicant:* Umsiza Planning

*Properties:* Erf 670, Robertson

*Location:* Cnr Reitz and Le Roux Streets, Robertson

*Owners :* GB Ponting

*Proposal:* Departures to erect a Second Dwelling Unit and to use the existing 5 bedroom house for Guest House purposes, as well as to encroach the lateral building line.

*Existing zoning:* Single Residential zone

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Langeberg Land Use Planning Bylaw (PN264/2015) that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 08:30 and 15:00 at the local municipal offices and the Town Planning Department at 3 Piet Retief Street, Montagu. Any written comments/objections may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to The Manager: Town Planning, 3 Piet Retief Street, Montagu, 6720 on or before 30 days from the date of publication of this notice, quoting your name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to Jack van Zyl at 023 614 8000. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

SA MOKWENI, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices, Private Bag X2, ASHTON, 6715

2 September 2016

54086

## GEORGE MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING NR: 111/2016

WYSIGING: KRAAIBOSCH 195 GEDEELTE 22,  
AFDELING GEORGE

Kragtens Artikel 45 van die George Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weksdae tussen 07:45 en 16:30 by die Departement: Menslike Nedersettings, Grondsake en Beplanning, Burgersentrum, 5de Vloer, Yorkstraat, George.

Enige kommentare of besware met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik in terme van Artikel 50 van die genoemde wetgewing by die kantoor van die Senior Bestuurder: Grondgebruikbeplanning, Posbus 19, George, 6530 ingedien word op of voor **3 Oktober 2016**, met vermelding van die verwysingsnommer, u eiendomsbeskrywing en fisiese adres. Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word by 044-801 9473 (Marina Welman) of e-pos: marina@george.org.za. Indien 'n persoon nie kan skryf nie, kan sodanige persoon sy beswaar mondelings by die Raad se kantoor aflê waar 'n persoonneelid sal help om die kommentaar op skrif te stel. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

*Aansoeker:* Jan Vrolijk Stadsbeplanner

*Aard van aansoek:*

1. Wysiging ingevolge Artikel 15(2)(k) van die George Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015) van die Onderverdelingsplan van die Onderverdelingsgebied (Gedeelte A) soos op 16/10/2012 goedgekeur is op die Restant van Gedeelte 22 van die plaas Kraaibosch 195, George om vir 3 gedeeltes voorsiening te maak:  
Gedeelte 1: (56720m<sup>2</sup>): Sakesone 1;  
Gedeelte 2: (461m<sup>2</sup>): Residensiële Sone 1;  
Gedeelte 3: (4039m<sup>2</sup>): Vervoersone II (Openbarestraat)

T BOTHA, MUNISIPALE BESTUURDER, Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530. Tel: (044) 801 9171, Faks: 086 570 1900  
Epos: marina@george.org.za

2 September 2016

54088

## LANGEBERG MUNISIPALITEIT

## Robertson Kantoor

## MK NR. 59/2016

VOORGESTELDE AFWYKING VAN ERF 670, H/V REITZ- EN  
LE ROUXSTRATE, ROBERTSON

*Aansoeker:* Umsiza Planning

*Eiendomme:* Erf 670, Robertson

*Ligging:* H/v Reitz- en Le Rouxstrate, Robertson

*Eienaars :* GB Ponting

*Voorstel:* Afwykings ten einde 'n Tweede Wooneenheid op te rig en bestaande 5 slaapkamer huis as Gastehuis te gebruik, asook om die syboullyn te oorskryf.

*Huidige sonering:* Enkelwoningone

